



# LIMPOPO DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## LAERSKOOL WARMBAD

**INSTRUKSIES:** Skryf jou **naam** en **van** op elke antwoordblad en jou **nommer**

1. Voltooi al die afdelings.
2. Lees die vrae behoorlik deur voordat jy dit antwoord.
3. Jy kry 5 minute om die vraestel deur te lees. Moenie gedurende hierdie tyd skryf nie.
4. Antwoorde moet op die antwoordblad geskryf word.
5. Skryf duidelik en netjies. Nommers moet dieselfde wees as op die vraestel.
6. Trek 'n streep **na elke vraag**.
7. Jy moet al die vrae antwoord! Moet asseblief **nie** op die vraestel skryf nie!

### SUMMATIEWE ASSESSERING


<b>LEERAREA:</b>	<b>WISKUNDE</b>
<b>GRAAD:</b>	6 (Me. S du Plessis)
<b>MODERATOR:</b>	Me. A Botha
<b>TYD:</b>	90 minute
<b>PUNTE:</b>	60
<b>DATUM</b>	2 JUNIE 2014

<b>VLAK 1</b>	<b>40%</b>
<b>VLAK 2</b>	<b>30%</b>
<b>VLAK 3</b>	<b>20%</b>
<b>VLAK 4</b>	<b>10%</b>

**NAAM EN VAN:** .....  
**GRAAD: 6 L S W**


### VRAAG 1

1.1 Voltooi die patroon: 1 ; 6 ; 3 ; 8 ; 5 ; 10 ; 7 ; ..... (1)



- 1) Wat is a se waarde? (1)
- 2) Wat is b se waarde? (1)
- 3) Wat is c se waarde? (1)

1.3 Bestudeer die patroon en voltooi die tabel



Patroon nr.	1	2	3	4	5	7	(d)
Aantal sirkels	1	4	9	(a)	(b)	(c)	100

(4)

1.4 Noem 2 tipes simmetrie. (2)  
[10]

### VRAAG 2

2.1 Bereken: a)  $2\ 375 \times 645$  (4)  
b)  $4\ 465 \div 19$  (4)

2.2 a)  $2\frac{1}{4} + \frac{2}{8}$  b)  $4\frac{1}{6} - \frac{1}{3}$  (6)

2.3 325,479

- a) Wat is die plekwaarde van die 3? (1)
- b) Wat is die plekwaarde van die 4? (1)
- c) Wat is die getalwaarde van die 5? (1)
- d) Wat is die getalwaarde van die 7? (1)

2.4 Skryf slegs die korrekte antwoorde neer:

Desimale Breuk	Breuk
0,5	$\frac{5}{10}$
0,4	(a)
(b)	$8\frac{6}{100}$
(c)	$\frac{3}{50}$
6,009	(d)

(4)

2.5 Vul die korrekte verhoudingsteken in (> ; < ; =)

- a) 0,051 \_\_\_\_\_ 0,150
- b)  $\frac{2}{10}$  \_\_\_\_\_ 0,4
- c) 3,9 \_\_\_\_\_  $3\frac{90}{100}$  (3)

2.6 Tom oefen hard om fiks te bly. Hy hardloop 8,5km op elk van die eerste twee dae, dan 7,95km op die derde dag en 12,25km op die vierde dag. Hoeveel kilometer het hy altesaam gehardloop? (3)




2.7 Daar is 5 telefoonpale in 'n straat. Die afstand tussen die eerste en tweede paal is 0,25km. Die tweede en vyfde paal is 0,75km uitmekaar. Wat is die afstand tussen die eerste en vyfde paal? (Wenk: Teken 'n prentjie) (2)

[30]

**VRAAG 3**


3.1 Teken 'n voorbeeld van 'n heksagoon. (1)

3.2

3D Vorm	Naam van 3D Vorm	Aantal vlakke	Aantal rande	Aantal hoekpunte
	(a)	(b)	9	(c)
	(d)	5	(e)	(f)
	Tetraëder	4	(g)	(h)

(8)

3.3 Hierdie is die net van 'n \_\_\_\_\_.



(1)

[10]

#### **VRAAG 4**

4.1 Hier is die persentasies van Graad 6 leerders se Wiskunde toetse:

48 ; 58 ; 26 ; 54 ; 81 ; 44 ; 69 ; 71 ; 58
--

a. Wat is die modus?

(1)

b. Wat is die mediaan?

(1)

4.2 Die tabel wys by watter klubs Graad 6 leerders betrokke is:

Klub	Meisies	Seuns
Koor	4	3
Wiskunde	3	9
Skaak	3	7
Omgewing	8	6

Teken 'n dubbele staafgrafiek wat bogenoemde inligting aandui.

(8)

[10]

<b>RUBRIEK</b>	
1. Kennis	24
2. Bewerkings	29
3. P.O	7
<b>TOTAAL</b>	<b>60</b>

**TOTAAL : 60**